SEPTEMBER
1960

KOERS

DEEL XXVIII No. 3.

# DIE NOODSAAKLIKHEID VAN LEES EN DIE BEVORDERING DAARVAN BY ONS LEERLINGE.

Dit mag vir u vreemd voorkom dat die noodsaaklikheid van lees op hierdie stadium van die onderwysontwikkeling — as daar van ontwikkeling sprake is — in ons land in oënskou geneem moet word. Ons neem vanselfsprekend aan dat alle onderwysers weet dat dit noodsaaklik is. Ons neem ook aan dat dit in alle onderwysstelsels beklemtoon word. As dit die geval is, weet elke onderwyser mos **hoe** om die boek te hanteer en **hoe** om die noodsaaklikheid daarvan in die klaskamer tuis te bring, en daarby **hoe** om lees te bevorder.

Moontlik **aanvaar** ons in die onderwys te veel dinge, sonder om vas te stel of die aanvaarde wel bestaan.

In hierdie eeu van klank, hierdie tegnologiese eeu waarin klankapparate, televisie, die radio, die radiogram tegnies byna volmaak tot die menslike oor spreek, bestaan daar 'n wesentlike gevaar dat die hantering van die boek en die tydskrif al minder aandag geniet. Die volgende gegewens sal u moontlik laat dink en nadink:

(a) Deur A. E. Betts in sy artikel: Parents and Teachers want to know about Reading (Education, Vol. 78 . . . Jan. 1959.) — dus sommer onlangs — word na aanleiding van 'n deurtastende ondersoek daarop gewys dat

(i) **17% van die volwassenes van die V.S.A. boeke lees.**

Onthou dan asseblief dat dit die land is waar televisie reeds 'n magtige rol speel en waar kinders hulle ouers al vermoor het omdat laasgenoemdes hulle gehinder het toe hulle na hulle geliefde helde en heldinne gesit en kyk of na hulle geluister het. Slegs 17%! Wat doen die ander 83% dan? Hulle hou nie van boeke nie, lees moontlik allerhande snert, hou van spele waar hulle as toeskouers teenwoordig is. Die ondersoek toon dat hulle liewer hulle tyd voor die televisie-apparate deurbring as om te lees. Hulle luister net (in die geval van die radio) of kyk en luister (in hierdie geval na die televisie), d.w.s. hulle geestelike lewe gaan terug tot die konkreet-aanskoulike stadium, soos die waarin die kleinkind of die skoolgaande kind in die beginstanderds verkeer.

(ii) Daarteenoor staan die persentasies in ander lande,
nl. 31% in Kanada;
34% in Australië en
55% in Brittanje.

(iii) Kaapland: In 1957 was daar 59,669 lesers lede van die plattelandse biblioteek. Hulle het saam 1,906,210 boeke gelees of 'n gemiddelde van 31.9 per lid, d.w.s. 1 boek elke 11—12 dae van die jaar.

(iv) Transvaal: In 1958 het 26,529 lede van die plattelandse biblioteek gemiddeld 26.2 boeke elk gelees, d.w.s. 1 elke 14—15 dae.

Volgens die verslag van Betts staan die volwasse Brit dus bo aan die lys wat sy liefde vir die boek betref. Ongelukkig bestaan daar nie so 'n opgawe ten opsigte van die volwasse Suid-Afrikaner nie. Ons kan dus iets van die Brit leer, maar bepaald niks van die Amerikaner in die V.S.A. nie.

As die boek waarop dan vanselfsprekend soveel klem in skole val, vir 17% (V.S.A.), 31% (Kanada), 34% (Australië) en 55% (Brittanje) betekenis het, dan is dit werklik meer as noodsaaklik dat herhaalde male lig op hierdie aspek van taalonderwys moet val. Ek wil verder konstateer dat die resultaat van onderwysstelsels wat so 'n treurige beeld van die geestelike lewe van sekere volkere vertoon — S.A. kan maar daaronder met die grootste sekerheid ingesluit word — voorwaar nie geslaag het in die grootste opvoedingsdoel nie.

(v) Hierby wil ek voeg dat 'n ondersoek aan die Universiteit van Delaware aan die lig gebring het dat die studiemetodes wat aan universiteite gevolg word, 'n groot gevaar inhou vir ontspanningslees. Daar is gevind dat studente glad nie boeke vir ontspanningslees uitneem nie. Hulle konsentreer net op studieboeke, feite en nogmaals feite! Die universiteite dra dus weinig by tot die toekomstige tydverdryf van 'n volk waar vaders en moeders die nodige voorbeeld op die gebied van lees moet gee en wel lees as ontspanning. Hierdie ondersoek lê klem op die gevaar wat universitêre studie inhou.

Die skoolstelsels in drie lande, t.w. die V.S.A., Kanada en Australië, sowel as universitêre studie is nie juis daarop ingestel om liefde vir die boek tuis te bring nie. Maar laat ons ook kyk na die skole wat onder ons Departement ressorteer. Volgens die rapporte deur die taalinspekteurs die afgelope drie jare opgestel blyk dat ons leerlinge 'n gemiddelde van 7—8 boeke in die moeder- en van 4—6 in die tweede taal in 'n jaar lees. Wat die toestand in die provinsies is, kon ek nie vasstel nie. Ek glo dat dit daar nie veel beter kan wees nie, al stuur hulle op meer akademiese werk af as ons.

U besef dus dat dit nie meer vreemd klink om die noodsaaklikheid van lees op hierdie tydstip te beklemtoon en opnuut onder die aandag van onderwysers te bring nie. U besef ook dat ons nie meer vanselfsprekend moet aanvaar dat ons onderwysers onder die huidige bedeling en onder die heersende onderwysstelsels, daarin slaag om 'n blywende leeslus by ons kinders op te wek nie. Die dosente slaag ook nie daarin in die

inrigtings van hoër onderwys nie. As dit dan so is, dan verg hierdie vraagstuk die intensiewe aandag van elke onderwyser wat die regte taalbeskouing huldig en wat weet dat taal die noodsaaklikste vak op skool, naas godsdiens is.

Onlangs het die Cronje-verslag oor ongewenste lektuur verskyn. Die inhoud daarvan veroorsaak rillings en laat 'n mens sidder. Dit vervul 'n mens wat dit wel meen met die taal en die geestelike bouwerk in 'n volk, met walging. **Red nou 'n volk wie se kinders en jongmense hulle geestelik versadig by die besmette waters wat uit die geelpers opborrel en die volk siek maak.** Dit bring mee 'n grootskeepse besoedeling van die gedagte van die kinders en die jeug. Geen wonder dat stemme dringend opgaan om die geelpers aan bande te lê nie. Hoe lank daarmee nog getalm gaan word, weet ons nie. Dit weet ons egter dat die geelpers besig is om alles af te breek wat moontlik op skool vir die boek opgebou word. Die geelpers het al klaar 'n behoefte in die siel van die jeug opgebou om hulle aan snerterige en smerige leesstof te versadig. Die persentasie kinders en volwassenes wat hulle uitsluitlik met die laagvloerse, die konkreet-aanskoulike, die seksuele perverte bedrywe van die mens, die naakte en halfnaakte vroulike liggaam op leesgebied besighou, is eenvoudig **fantasties. Die goeie boek daarenteë lê en wag op 'n onderwysstelsel waarin onderwysers staan wat deeglik toegerus is en flink kan optree om die kaf van die koring te skei.** Hulle is die mense wat 'n ander leesweg vir die jeug moet aandui, nl. na die veredelende leesstof toe, na wat geestelik opheffend en skoon is.

## DIE NOODSAAKLIKHEID VAN LEES.

Die mens as fisies-psigiese wese (liggaamlik en geestelik van aard) het verskillende behoeftes wat om versadiging en bevrediging vra. Ons ywer onverpoosd om vir die liggaamlike te sorg: voedsel en oefening, en as die liggaam siek is, word dit medies versterk. Die gewone arbeider sal op die vraag wat hy doen, antwoord: „Ek werk om te lewe". Dit is waar: dit gaan om die liggaamlike voortbestaan. Die bedoeling is glad nie dat die siel of die gees daarby betrek word nie. Word gevra of hy baie lees, word geantwoord dat hy nie vir boeke lief is nie. Af en toe word nog 'n koerant gelees. Vir die siel word eintlik geen oefening of voedsel verskaf nie. Die persentasie wat wat ek vroeër gegee het, bevestig hierdie bewering. Daar is selfs talle mense wat sê dat hulle glad nie van lees hou nie. Hierdie mense luister na wat ander vir hulle medeel omtrent wêreldgebeure. Hulle drink ander se menings omtrent sake in, sonder dat hulle ooit geleer het om 'n eie mening na aanleiding van die gelese stof te formuleer.

Die noodsaaklikheid van lees staan in verband met die ander deel van die mens, nl. sy gees wat dikwels nie na behore gevoed en versorg word nie.

Wil ons as onderwysers die leerlinge aan ons toevertrou harmonies laat ontwikkel, die liggaam naas die siel of gees, dan moet ons die fisies-psigiese samestelling nie uit die oog verloor nie.

Hoe noodsaaklik lees in ander lande geag word, spreek uit die navorsingseenhede daaroor:

(a) ... Vanaf 1905 — Julie 1924 was daar slegs 436 navorsingseenhede in al die lande.

(b) ... Vir die volgende 25 jaar na 1924, d.w.s. vanaf 1924 — 1949 het 2,356 eenhede bygekom, volgens die groot navorser oor lees, nl. Gray in sy Summary of Investigations Relating to Reading.

(c) ... Gedurende die jaar eindigende 1950 is nog 98 eenhede toegevoeg.

(d) ... Daarna was die stroom ondersoeke geweldig groot en het die getal feitlik vertiendubbel.

Dan moet u in hierdie verband onthou dat al hierdie eenhede nie klem lê op leesbegrip nie — die eintlike saak waarom dit in lees behoort te gaan — maar op ander aspekte daarvan, nl. leessnelheid, leestegniek en die meganiese aspek daarvan. Hier te lande word omtrent niks op leesgebied gedoen nie. Toe ek in 1957 gepromoveer het, het ek besef dat ons literatuur oor wetenskaplike navorsing op leesgebied, veral wat ons skoolgaande jeug betref, arm is. My ondersoek oor leesbegrip het geen voorgangers nie. Oor die ander aspekte van lees soek 'n mens amper tevergeefs. Hier het taalbelangstellendes en navorsers 'n reusetaak. Hier lê 'n groot terrein braak. Wie van u sal hom of haar op hierdie gebied verder waag? Dit sal u nie net vergoed wat u self betref nie, maar dit kan tot die metodiek op leesgebied ontsaglik veel bydra. En dit is eintlik wat ons nodig het: 'n verdiepte leesmetodiek wat gebaseer is op streng wetenskaplike navorsing. Taalonderwysers/esse het dus 'n groot taak.

Hier volg nou redes waarom lees noodsaaklik is. Die noodsaaklikheid lê soos voor die handliggend is, ook in die doel daarvan opgesluit. Voordat ek dit gee, moet ek duidelik stel waarom dit in die leesproses werklik gaan:

(a) ... In 1914 al het Klapper dit reeds suiwer gestel:
„Classroom reading must seek to develop in each child, first the ability to extract thought from the printed matter. All other aims such as pronunciations, expression, diction must be subordinated to reading for thought."
Na hom het talle navorsers hierop klem gelê.

Nou kan u al dadelik sê dat dit nie noodsaaklik is om hierdie leesdoel te beklemtoon nie. My antwoord is dat dit heel waarskynlik die rede is waarom maar gemiddeld 30—32% volwassenes in die wêreld boeke lees. Die ander vind dit moeilik om die gedagtes daaruit te haal. En is die ander rede nie dit dat leerlinge, studente en volwassenes nie presies weet wat 'n boek eintlik is nie? Dat handboeke, romans ens. sekere gedagtes/idees bevat; dat daardie idees die idees van die skrywer is nie; dat die skrywer 'n sekere doel of moontlik talle doeleindes met sy idees beoog. Moontlik wil hy sommer net aangenaam gesels oor sy ervaringe; moontlik wil hy nuwe informasie oor ander lande deur hom besoek weergee; moontlik lê hy sy be-

vindinge oor sekere projekte bloot; moontlik spekuleer hy oor die Hiernamaals; moontlik wil hy grappe uitstrooi; moontlik wil hy die gespanne mens terapeutiese behandeling op geestelike gebied gee; moontlik wil hy meedeel hoe om 'n spesifieke beroep of ambag beter te beoefen deur bloot te lê volgens watter prosedures of gedragslyne dit moet geskied. Dan sal hy wenke aan die hand doen, wenke gebaseer op praktiese ervaring. Moontlik is hulle ook wetenskaplik suiwer gefundeer. Moontlik wil hy die werk van mense besing in prosa of in poësie. Moontlik wil hy die diepste smart of vreugde van sterwelinge bloot lê. Sy doel is om homself of moontlik iemand anders liggaamlik en geestelik te openbaar. Hy beoog om sy lesers dieper in die geheimenise van die omringende, die gedagte- en die ewigheidswêreld in te lei. Dit is noodsaaklik dat leerlinge dus, voordat hulle 'n boek begin bestudeer of lees, presies weet waarom dit alles gaan. Hulle moet weet dat 'n boek 'n ander manier is om mense wat gedistansieer is, met mekaar geestelik in verbinding te stel, om sodoende mekaar te verryk, te stig, te laat ontspan, oplossings op probleme te bied, die donkerte te verdrywe of massas in opstand teen sekere wanpraktyke te bring.

Die boek is dus die weg van wetenskap en kennis.

En hierdie weg moet bewandel word deur die kroon van die skepping en die heerser daaroor, nl. die mens.

Gedagte-abstraksie uit boeke is dus een van die belangrikste doeleindes en noodsaaklikhede in die leesproses.

(b) Nadat die leser se gedagtes deur die gelese boek geprikkel is, moet hy aan sy opgedane indrukke mondeling of skriftelik uiting gee. Dis 'n gesprek wat eintlik nie passief kan verloop nie. In die geval van leerlinge en studente moet hulle nie alleen die gedagtes van die skrywer daaruit kan haal nie, maar hulle vermoë moet beoefen word om mondeling en/of skriftelik instemmend of teëstemmend daaroor uit te wei. Moontlik kan nog meer gedagtes bygevoeg of ander gesigspunte geopen word. By ontstentenis hiervan bly die leesproses nie-produktief, wel nie juis passief in die letterlike sin van die woord nie. Lees van ander se gedagtes moet op die skoolbanke tot geestelike produktiwiteit dwing om waardevol te kan wees.

(c) Een van die noodsaaklikste doeleindes van lees vir leerlinge wat memoriseerwerk moet doen, vir studente wat op vakfeite ingestel is, vir die volwassene wat in sy kantoor, op die plaas, in die werkswinkel, in die fabriek, in die verskillende raadsale van die land gespannendheid in 'n mindere of 'n meerdere mate ondervind, is lees vir ontspanning. Daarmee word nie bedoel snert en strokiesverhale nie — moontlik kan die laasgenoemde darem help om die konkreet-ingestelde mens tog te laat ontspan — maar leesstof waarvan die mededelinge van die skrywer letterkundig suiwer, maar die inhoud yl is. Sodanige inhoud behoort veral met humorsin en die lagwekkende deurspek te wees. Die mens wat in die moderne masjieneeu met al sy haas deur middel van die boek kan ontspan, sal sy kwale

en bedruktheid van gees vergeet. Dit is soos sonstrale wat lewe in die donker dieptes van die oerwoud wek, in die oerwoud van ons emosionele verwardheid.

Sodanige leesstof mag die leser ook interesseer t.o.v. die plan daarvan, die karakterontwikkeling, die opwindende handeling of die psigologiese insig. Of die leser kan spesiaal in die skrywer se woorde en woordgebruik geïnteresseerd wees. Al hierdie dinge is wettig.

Die klaskamer is seer seker nie die plek vir hierdie soort lees nie. Buite die klaskamer om is hieraan 'n vitale behoefte. Ongelukkig verskaf die geelpers die gif vir hierdie leestye van die arbeider, die kind en die jeug en hou veral die sensasionele en die laagvloerse voor, as gevolg waarvan die emosies gelaai word, om later op onveroorloofde wyses tot uiting te kom. Die gedagtes van die leser kom nie tot rus nie, maar word snel aangejaag om die verbode vrug te gryp en sodoende uiting te gee aan wat werklik onverfynd en laag is. Swak leesstof is demoraliserend vir die menslike gees. Dit bring valse lewenswaardes mee en prikkel nie die denke nie, maar die emosies. Ligte leesstof van die regte kaliber verryk die woordeskat, maar het niks te maak met intellektuele en esteties-waarderend lees nie. Hoe meer ontwikkeld die mens is, hoe meer lees hy met 'n spesiale doel.

### (d) LEES OM SPESIFIEKE INFORMASIE TE BEKOM.

Onder 'n goeie demokratiese stelsel bestaan 'n gebiedende noodsaaklikheid dat werkers deeglik toegerus is. Wat is 'n goeie werker?

Cushman in sy artikel „Why teach them to Read?" (Mei 1959, Education) formuleer dit soos volg:

„A good worker in a democratic society is one who does well the job of the moment; (b) who works co-operatively with his fellowworkers and with management; (c) who understands that ultimately everyone can profit only through increased production and (d) who seeks continuously to get ahead to that particular niche where he can be most happy and useful." Dink nou vir een oomblik daaroor na in watter mate lees tot die ontwikkeling van hierdie spesifieke eienskappe kan bydra.

Die werker moet genoegsaam kennis omtrent sy spesifieke ambag en beroep besit, kennis omtrent menslike verhoudinge; sy meederes en sy minderes, kennis omtrent sy gelykes; kennis i.v.m. die doeltreffende uitvoering van die onderafdelings van 'n ambag of 'n beroep. Lees in verband met sodanige beroepe werk bevrugtend op die werker se gees in en kan dit verryk. Die wagwoord is spesialisasie. Dit beteken dat arbeid tot sy uiterste konsekwensies deurgevoer is. En spesialisasie vereis kennis. En kennis veronderstel boeke. En boeke veronderstel die vermoë om hulle te interpreteer. En interpretasie veronderstel leesbekwaamheid. En leesbekwaamheid veronderstel doeltreffende metodes van onderrig. En doeltreffende metodes van onderrig veronderstel goed opgeleide onderwysers wat weet hoe om hulle profytlik en voordelig by die individuele leerling aan te pas.

Op skool moet die leerlinge dus reeds onderrig word waar om die regte infor-

masie betreffende hulle vakke en moontlike ook toekomstige beroepe te bekom.

Om informasie te bekom, is 'n kuns. Daar is momente wanneer kinders graag wil lees hoe om iets te doen; hoe om 'n koekie te bak of om 'n nagereg te maak; hoe om 'n voëlhok te bou of 'n vlieër. Dit vereis stadige en noukeurige lees. Die bouer moet sy spesifikasies noukeurig lees en bestudeer; die belastingbetaler moet die vorm daarvoor noukeurig deurlees, herlees en die instruksies daaromtrent op die voet kan volg. Op skool is daar sekere projekte; die uitleg van skoolgronde, tuine ens. Sekere projekte is van sodanige aard dat die leerlinge navorsing moet doen. Hulle moet talle tydskrifte raadpleeg, moontlik ook boeke oor die saak. Gaandeweg sal aantekeninge moet gemaak en gerangskik word. Die groot saak is dat 'n groep leerlinge doelvol in verband met 'n sekere projek besig gehou word. Die doeltreffendheid van die leesbegrip van elke individu in die klas sal bepalend vir die hoë of lae standaard van die projek wees. Belangstelling op skool bewerkstellig dus 'n vertikale en 'n horisontale vermeerdering van kennis van die leerlinge. Dit lei tot die gesonde uitbouing van die persoonlikheid as gevolg van doelgerigte lees. Die persoonlikheid rig hom geestelik op die doeltreffende uitvoering van 'n spesifieke taak. Dit weer vergemaklik die proses van taaluiting, mondeling of skriftelik.

### (e) DIE SKRYWE VAN VERSLAE:

Iemand word gevra om lang verslae oor onderwerpe soos deur studiekomitees opgestel, na te gaan en om die hoofsake daaruit te haal. Sakemanne het nie tyd om hierdie lang verslae noukeurig na te gaan nie. Daar moet iemand wees wat die hoofpunte kan saamvat en 'n oorsigtelike beeld daarvan kan gee. Daarom is dit noodsaaklik dat in die leesperiode onderrig gegee word in die uitleg van hoofsake. Dit is 'n noodsaaklike en 'n praktiese vereiste.

### (f) DIE UITBOUING VAN BEGRIPPE.

Dit is absoluut noodsaaklik dat begrippe deur middel van lees uitgebou word, d.w.s. hulle betekenisomvang moet al groter word. Dieselfde woord kan in verskillende betekenisse gebruik word. Die een betekenis is konkreet/letterlik en die ander een is abstrak/figuurlik.

**Konkreet:** (a) Hy lees 'n koerant.

**Figuurlik:** (b) Sy is die koerant van die dorp (beeldspraak).

Die tuisbrenging van die verskillende betekenisse van een en dieselfde woord is een van die allernoodsaaklikste funksies van die taalonderwyser. En dit is voorwaar 'n groot taak. Die woord se uiterlike vorm verander nie; sy gedaante en voorkoms bly dieselfde; maar sy inhoud word gewysig volgens die begrip van die gebruiker. Die begrip van die spreker of skrywer varieer volgens sy ervaring. Sy ervaring kon bewus of onbewus plaasgevind het. Waar dit onbewus verloop het, sonder opsetlike aandag, is die begrip swak gefundeer. Deur beperkte leesgebied word net sekere begrippe uitgebrei, soos in die geval van vakkennis. Deur uitgebreid en met doelbewustheid te lees, nl. om 'n mens se algemene kennis op verskillende gebiede te vergroot, sal noodwendig volg

'n verbreding en 'n verdieping van die begrip.

Ek moet u verder in die saak inlei. Die kind wat net soet en ryp appels eet, verkry algaande en deur herhaalde eet daarvan 'n sekere begrip van 'n appel. Aan daardie ervaring is net die sensasie van soet verbonde. Saam met sy maats gaan hy egter appels steel. Van daardie appels dra hy nog nie kennis nie. Hulle smaak moontlik anders as die waaraan hy gewoond is. Hulle is deur en deur suur. Dit is 'n nuwe ervaring en 'n nuwe eienskap wat aan sy begrip van appel verbonde raak.

Terselfdertyd ervaar hy dat die appels i.p.v. bros hard is. Hardheid is 'n volgende faktor wat in sy begrip intree. Maar daar is nog meer. Hy word siek van die groen of suur appels. Vroeër het hy groen appels geëet wat almal ryp was en soet gesmaak het. Nou het hy groen appels geëet wat nie ryp is nie, maar groen d.w.s. nie ryp nie. Albei groepe is egter groen, natuurlik wat hulle kleur betref. Sy ouers verbreed sy begrip van siek word van appels deur verhale te vertel van hoe siek kinders al van groen appels geword het. Party kinders het daaraan gesterwe. Die hele siekte met die pynlike en mislike ervaring daaraan verbonde word om die begrip van groenkleurige, groen, onryp, suur, harde appels geweef. Die afleiding kom nog daarby: die seun weet nou dat ryp moontlik geel of groengekleurde appels wat sag en bros is, voedsaam is en 'n mens nie siek maak nie.

Verder moet nog bygevoeg word dat appels verskil t.o.v.

(i) hulle grootte.

(ii) hulle voggehalte,

(iii) hulle voedsaamheid,

(iv) hulle suikergehalte,

(v) hulle struktuur,

(vi) hulle bruikbaarheid, bv. om konfyt ens. van te kook,

(vii) hulle samestellende stowwe en die voordelige daarvan vir die menslike liggaam,

(viii) hulle duursaamheid onder verskillende klimaatomstandighede, ens.

Taal het veral met die denklewe van die mens te doen. Die denkende mens hou hom met abstrakte en met konkrete begrippe besig. Dis geen probleem om kennis omtrent konkrete dinge tuis te bring nie, maar dit gaan nie maklik op die gebied van die abstrakte nie. Neem die begrip **oorspronklikheid** of **lieftalligheid** of soetsappigheid of 'n huldeblykie of weerstand of afgrondsdieptes. Hoe kan die onderwyser hierdie begrippe in hulle werklike geestelike ervaringsomvang uitbou? En tog moet hulle uitgebou word as die kind sy taal in sy spraak en skrif wil beheers. Dit is die uitdaging! Daarvoor is nodig baie leeservaring, verduideliking, bespreking, verbeelding, inlewing, deurdenking en werklike ervaring. Hier lê die eintlike taak van die onderwyser as hy lees tot sy reg wil laat kom.

Dan wil ek hê dat u sal dink aan konkrete en abstrakte begrippe. Die konkrete begrip paal het 'n groot inhoud, dis bv. swaar, lig, swart, wit, groen, geel, hout, yster, bros, hard, lank, kort, dun, dik, glad, grof, reguit, krom, sterk, swak; na sy oorsprong verskil dit,

denneboom, populierboom, ens., volgens die land waar dit groei, verskil dit. Sy inhoud is groot, maar sy betekenis is klein, die toepassing daarvan is beperk.

Maar die abstrakte begrip het 'n klein inhoud, bv. liefde, vriendelikheid, welwillendheid; daar kan nie veel tot hierdie begrippe bygevoeg word nie. Maar hulle betekenis en toepassing is onbeperk.

Hierdie verskil moet tot die onderwyser by die uitbouing van 'n begrip in gedagte gehou word.

(g) **Lees is noodsaaklik omdat dit studie moontlik maak:**

In hierdie verband ondervind leerlinge groot probleme. Die leesstof daarvoor is soms kompak geskrywe. Nuwe begrippe tree in 'n opeenstapelende aantal na mekaar op en die meeste daarvan is bepaald nie goed verduidelik nie, beide wat die beeld en die verbale vorm betref. Die voorgestelde onderwerpe is soms ver van die werklikhid af verwyder wat die kinders betref. Hulle wemel van abstraksie op 'n hoë vlak. Soms is die woordeskat tegnies van aard en bring semantiese probleme mee. Woorde word op so 'n wyse in sinne gebruik dat die betekenis daarvan moeilik in woordeboeke onderskei of nagespeur kan word. Om hulle te kan verstaan, moes al die moontlike betekenisse van elke woord onderrig gewees het. En dit is amper 'n onmoontlikheid as die werklike onderwysure van tale in aanmerking geneem word. Hierdie soort lees is absoluut noodsaaklik en dui op die onmisbaarheid van die uitbouing van die leerlinge se woordeskat op skool. Die woordeskat sal voorsiening maak vir abstraksies, vir figuurlike taal en ongewone beskrywende woorde wat groot probleme oplewer. Die boeke wat leerlinge gewoonweg raadpleeg, bevat 'n bekende woordeskat.

Ek wil hier baie duidelik stel dat as 'n kind nie op skool leer lees nie, daar weinig hoop bestaan dat hy dit elders sal kan leer.

Die belangrikste opvoedkundige probleem is dus om die skool aansluitend by die praktiese lewe te maak, 'n kontinue proses waardeur die leerlinge in staat gestel word om aan volwassenes se aktiwiteite deel te neem. Sodoende dra hulle tot hul eie verbetering by.

Die skool moet die kind laat dink. Daarvoor moet lees gebruik word. Om te dink, is die vermoë om 'n idee vas te gryp, dit uit te bou, toe te pas, te bekritiseer en dan vas te stel of dit aanvaar moet word. Kortliks, om te dink bestaan daarin om betekenisse te vind en hulle uit te toets. Om te dink, is om gedagtes te organiseer, te interpreteer en te herkonstrueer. Om die denke produktief uit te bou, is een van die belangrikste fases van onderwys. Daarvoor is lees een van die belangrikste middels.

Die studerende kind, is die denkende kind. En die denkende kind is hy wat weet wat belangrik vir sy doel is, d.w.s. hy organiseer die relevante gedagtes vir sy onderwerp. Hoe kan 'n mens nou doeltreffend studeer as hy nie goed kan lees nie? Die moderne student is omring deur 'n duisternis boeke in biblioteke waarin spesifiek oor sy studieterrein gehandel word. Almal is nie ewe

belangrik nie. Die kaf moet van die koring geskei word.

Het die skool in hierdie soort onderrig geslaag?

Op hierdie gebied van studielees is in Amerika en in Engeland 3,000 navorsingseenhede gelewer tot in 1955 en jaarliks is talle daarna bygevoeg.

In 1948 het prof. Vernon en prof. Watts in Engeland oor die 9,000 ppe. in die skole getoets. Die doel was om vas te stel of die leesbekwaamheid in Engeland gedaal het. Die bevinding was: NEE. Ook prof. Gray in Amerika het bevind dat dit ook nie in Amerika die geval is nie. Die leerlinge is oor die algemeen tans jonger as vroeër en daarom word die indruk verkry dat hulle deesdae swakker lees. Hoewel vasgestel is dat die leesbekwaamheid nie gedaal het nie, wil dit nog nie die indruk verwek dat hulle lees nie aan baie gebreke mank gaan nie.

Ons wat inspeksiebesoeke aflê, weet dat talle leerlinge in Matrikulasie nie in staat is om behoorlik vinnig en vloeiend te lees nie, laat staan maar die begrip. Die omvang van swak leesvermoë t.o.v. spelling, begrip, taalvemoë word deur ons inspekteursielkundige by sekere tipe skole blootgelê. Sy bevinding is dat die meeste leerlinge twee jaar in hulle leesvermoë agter geraak het. Nou kan u self verstaan dat hulle glad nie na behore kan vorder nie. Die toestand baar werklik sorg. As 'n leerling swak, hortend en stadig lees, twee jaar gemiddeld in leesontwikkeling agter is, hoe kan sodanige leerling behoorlik begryp wat gelees word?

Niemand wat nie presies weet hoe om 'n tang tydens die knip van draad te hanteer nie, sal sonder bloedblare die sakie afhandel nie. As die leerling nie kan fraseer nie, die woorde nie behoorlik kan herken nie, nie presies weet waar die klem in elke sin val nie, dan bestaan daar 'n geringe moontlikheid dat hy ooit die bedoeling van die skrywer sal kan begryp, omdat die betekenis van woorde tussen swak en onbeholpe ooggrepe en ruspouses van die oë totaal verlore gaan. Dit is mos 'n vasstaande feit dat die brein sy interpretasie aan woorde tydens die ruspouses van die oog gee.

**i) . . . Die Terapeutiese doel/ noodsaaklikheid.**

Die sielkundiges, medici en geestelikes kom in hulle meninge omtrent die ontwrigte mens in 'n hoogs gespesialiseerde, streng, kompeterende nasionale huishouding hierin ooreen:

a) . . . Die mens is siek;
b) . . . hy is nie so seer liggaamlik as geestelik siek nie;
c) . . . hy het terapie nodig;
d) . . . die beste terapie vir hom in die geslote, gespanne masjienkamer en masjieneeu, is die woord, die gesproke, maar veral die geskrewe woord wat direk tot hom spreek in sy werksomstandighede en hom onderrig hoe om te kan ontspan.

Daar het u dit!

U en ek wat dink dat ons nie geestelik siek is nie, wat dink dat ons gebalanseerd dink en handel, haal uit boeke vir

onsself heilsame dinge uit as ons daarna soek. Ons is moontlik goeie vaders maar nie altyd daarvan bewus dat ons tirannies teenoor ons kinders en teen die vrou optree nie. Ons is te streng of moontlik te toegewend. Albei met 'n te daarby het 'n nadelige uitwerking op die huislike atmosfeer en die onderlinge verhoudinge. Deur boeke te lees waarin die gevolge van soortgelyke optrede geskets word, word ons moontlik van ons kwale genees. Die boek het dus vir ons 'n terapeutiese waarde.

Die doel van ons lees was dus nie alleen terapeuties nie, maar ook geestelik noodsaaklik.

Op dieselfde wyse kan talle mense wat geestelik bekwaald is — geneeshere kan daarvoor tog nie salfies gee nie — oplossings van hulle probleme vind deur boeke oor hulle probleme te lees. Dit is tewens bewys dat leesterapie deur sielkundiges toegepas, goeie resultate afgewerp het.

By hierdie ag-nege noodsaaklikhede kan nog 'n paar minder belangrikes bygevoeg word, bv. lees om rapporte te kan opstel, lees om woorde te kan herken, lees om goeie gewoontes aan te kweek teenoor jou naaste en jou meerderes en ook teenoor jou minderes.

Maar dan moet ek nog die laaste doel noem en moontlik die vernaamste doel en noodsaaklikheid: Lees met die doel en noodsaaklikheid om geestelik by die eindbestemming van die mens te kom: lees om my sondige aard te kan besef, hoe ek daarvan verlos kan word en hoe ek 'n Godewelbehaaglike lewe kan lei om Hom altyd dankbaar te kan bly.

Eindelik kan ons al die doeleindes en noodsaaklikhede tot twee hoofgroepe reduseer:

(a) Die wêreldse of aardse doel en noodsaaklikheid van lees:

(b) Die hemelse of eindbestemmingsdoel.

Die leesdoel is meteens bepalend vir die noodsaaklikheid daarvan. Hierdie twee kan inherent nie geskei word nie.

J. L. DU PLOOY.

Pretoria.

(Word vervolg).